## 2.5 TYDSKRIFARTIKEL




[Uit: http://www.vrouekeur.co.za]

Skryf 'n tydskrifartikel vir 'n tienertydskrif oor die onderwerp: Die-ons-wil-als-hê-generasie. **[25]**

## 2.6 TOESPRAAK

Het jy al die spesiale onderwyser(s) wat deel van jou hoërskoolloopbaan was, bedank?

Skryf 'n toespraak wat jy, as klasverteenwoordiger, op Onderwysersdag oor dié onderwyser(s) wat 'n invloed op jou hoërskooljare gehad het, gaan lewer. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

1.2 **Die aand toe Ouma begin dans het**
Hierdie onderwerp kan lei tot verskeie interpretasies wat onder andere **verhalend**, **bespiegelend** of **beskrywend** kan wees. 'n **Verhaal** sal op hierdie onderwerp as tema fokus in 'n verhaal van 'n ouma wat nooit gedans het nie/in die openbaar gedans het nie/vir 'n bepaalde ruk nie gedans het nie en hierdie aand dans/leer om te dans/'n nuwe dans probeer. Op 'n figuurlike vlak kan dit die verhaal wees van 'n ouma se vreugde. By 'n **bespiegelende** interpretasie kan hierdie onderwerp op 'n lewensles fokus, bv. dat 'n mens byvoorbeeld nooit te oud is om te dans (die lewe te geniet) nie. Indien die kandidaat skryf dat dit vreugde in Ouma se lewe gebring het om te dans, kan dit as 'n **beskrywende** opstel aanvaar word. **[50]**

1.3 **Die Suid-Afrikaanse jeug word onderskat.**
Hierdie onderwerp kan lei tot al die soorte opstelle. As 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat byvoorbeeld skryf oor 'n jongmens wat onderskat is en die wêreld toe anders bewys het toe hy/sy iets groots reggekry het. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat die redes ondersoek waarom die SA-jeug onderskat word. By 'n **argumenterende aanbieding** kan die kandidaat die leser oortuig dat die SA-jeug onderskat word. Die kandidaat kan ook hierdie kwessie **beredeneer**. **[50]**

1.4 **Die verste berge is die blouste ...**
Kandidate kan die opstel as 'n **beskrywende** opstel aanbied waarin beskryf word hoe verskillende berge blouer word hoe verder 'n mens wegbeweeg. Die onderwerp kan figuurlik dui op drome en ideale wat besonder mooi is of die verlange na iets of iemand. Die **verhalende** opstel kan fokus op hoe hy/sy te werk gegaan het om by die verste berge uit te kom. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat besin of dit sinvol is om drome en ideale te probeer verwesenlik/of dit wenslik is om die staptog na die verste berge aan te pak. Die belangrikheid van drome met die oog op die toekoms kan **beredeneer** word. **[50]**

1.5 **2017**
Die kandidaat kan hierdie onderwerp as 'n **verhalende** opstel aanbied en hierdie jaartal/syfers gebruik om 'n interessante storie te vertel. Die kandidaat kan in 'n **beskrywende** opstel omstandighede rondom hierdie jaartal/syfer beskryf: 2017 is bv. die jaar waarin die meeste kandidate die volwasse lewe/beroepswêreld/tersiêre studies sal betree; die kandidaat kan hierdie interessante aspek by sy/haar skryfwerk betrek. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat besin oor die moontlikhede wat hierdie jaartal/syfer vir hom/haar inhou. As **beredenerende** en **argumenterende** opstel kan die kandidaat 'n saak uitmaak of 2017 positief of negatief gaan verloop. **[50]**

1.6.1 **Kinders met bakkies**
Interpretasies kan lei tot **beskrywende**, **verhalende, bespiegelende** en **argumenterende/beredeneerde** opstelle, bv. 'n **beskrywing** van kinders wat honger is en graag iets te ete wil hê. 'n **Verhaal** kan handel oor hoe kinders baie honger is en gelukkig genoeg is om in 'n situasie te beland waar iemand vir hul kos gee of oor kinders in slegte omstandighede. Hierdie onderwerp kan ook **bespiegel** hoekom elke mens die basiese reg het om behoorlike voeding te ontvang. In die **argumenterende/beredenerende** opstel, kan die kandidaat die maatskaplike kwessie van wanvoeding/hongersnood onder die loep neem. **[50]**

1.6.2 **X**
Die kandidaat kan hierdie opstel as 'n **verhalende** opstel aanbied om 'n interessante storie oor 'n letterlike kruisie te vertel. Die kandidaat kan ook in 'n verhaal na regte/verkeerde dinge/pleisters verwys. In 'n **beskrywende** opstel kan die kandidaat gebeure rondom die trek van 'n letterlike/figuurlike kruisie beskryf. Die kandidaat kan ook **bespiegel** rondom onderwerpe wat op verskeie vlakke met hierdie kruisie geassosieer kan word. As **beredenerende** en **argumenterende** opstel kan die kandidaat 'n saak uitmaak vir/teen kwessies rondom hierdie letterlike/figuurlike kruisie/insigte en/of wat hierdie kruisie by iemand mag tuisbring. **[50]**

